

**31 Mei**

**Johannes 17:3**

***Hemel, 'n ewige erediens!***

Wat gaan ons 'n ewigheid in die hemel doen? Net af en toe is daar in die Bybel iets wat ons aandag hierop vestig. Wie hieroor praat, moet dit in lofliedere doen; ligsinnigheid is onvanpas.

Nie alle mense gaan hemel toe nie, maar net diegene wat 'n persoonlike geloofsverhouding met die Here Jesus Christus het, net diegene wat God weer leer ken het nadat die sondeval alle mense al hul kennis van God laat verloor het. Deur die Heilige Gees se werk in jou hart gaan die hemel weer vir 'n mens oop sodat jy gemeenskap en omgang met God beoefen.

In 'n sekere opsig gaan die hemel niks nuuts inhou as wat die gelowige op aarde reeds deur sy geloof, as 'n baie voorlopige wyse, in die hemel volmaak, as die ewige wyse, beleef. Geloof gaan oor in aanskoue... wat hier nog gebroke is, sal dan volmaak wees. Ons moenie verwag om in die ewigheid iets anders te doen of te wees as wat ons nou reeds doen of bereid is om te wees nie.

Ewige erediens, met hele hart, siel, verstand en alle kragte, soos die engele in die hemel sal ons God dien. Dis verreweg die beste!

Sing: Psalm 43:3,4

Ds. P.K. Lourens (Bloemfontein-Oos)